

ST. MARKUS DIE EVANGELIS

25 APRIL

(1ste eeu)



Volgens oorlewering was hierdie skrywer van die Evangelie wat sy naam dra, die seun van Maria van Jerusalem en 'n neef van die heilige Barnabas. Tradisioneel word dit geglo dat hy die jongman was wat nakend weggevlug het toe Jesus gevange geneem is (Markus 14:51-52). Markus het Paulus en Barnabas in die jaar 44 na Antiogië en Siprus vergesel. Hy was ook saam met Paulus op sy eerste sendingreis maar het vroeër teruggekeer na Jerusalem (Handelinge 13:13). Hy en Paulus het blykbaar nie oor sekere dinge saamgestem nie, maar hy was tog by Paulus toe dié in die gevangenis in Rome was (Kolossense 4:10). Dit is 'n baie ou tradisie dat Markus die eerste biskop van Alexandrië in Egipte was en waarskynlik die 'Johannes Markus' na wie daar in Handeling 12:25 verwys word. Volgens oorlewering het hy as martelaar in Alexandrië gesterf. In die negende eeu is sy oorskot na Venesië geneem waar dit vandag nog bewaar word in die manjifieke basiliek wat aan hom toegewy is.